UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

DEPARTMENT REKENINGKUNDE

FINANSIëLE BESTUUR 200

BSR2000/FMA200

LAASTE ASSESSERINGSGELEENTHEID – NOVEMBER 2014

ASSESSORE: Me E Kocks
Me M Strauss
Mnr T Madiba
Me M McKenzie

MODERATOR: Me M Weber

TYD: 3 URE

PUNTE: 150

- DIE ASSESSERINGSGELEENTHEID VRAESTEL BESTAAN UIT 5 VRAE EN 10 BLADSYE (voorblad ingesluit).
- GERUISLOSE, NIE-PROGRAMMEERBARE SAKREKENAARS WORD TOEGELAAT.
- TOON ALLE BEREKENINGE.
- BEGIN ELKE VRAAG BO-AAN 'N BLADSY.
- INDIEN U TIPPEX OF POTLOOD OP U ANTWOORDBLAD GEBRUIK, KWALIFISEER U NIE VIR 'N HERMERK NIE.
- HAAL OOP SPASIES EN ONGEBRUIKTE BLADSYE DEUR.

VRAAG 1 **(30 PUNTE)**

Fred Dreyer, eienaar van Freddie's Cookies (Edms.) Bpk. (hiermee bekend as Freddie's), is 'n industriële vervaardiger van heerlike koekies. Hy het 'n gaping in die mark opgemerk vir vooraf-gemaakte koekiedeeg vir gebruik deur ma's wat hul eie koekies wil maak, maar wat nie die tyd het nie. Fred se koekiedeeg poging het 'n groot sukses geword nadat dit in 2008 van stapel gestuur is.

Deur gebruik te maak van slegs natuurlike en organiese bestanddele in die deeg, bied Freddie tuisgemaakte heilsaamheid. Elke bevrore deegporsie is dieselfde grootte, vorm en gewig, en daardeur word konsekwentheid gewaarborg en geen meting word vereis nie. Koekiedeeg word in vooraf-gemaak pakke verkoop. Alle koekiedeeg gebruik dieselfde basiese bestanddele, insluitend: botter, suiker, eiers, meel, bakpoeier en geurmiddels.

Besonderhede met betrekking tot die produksieproses, word hieronder uiteengesit:

Aan die begin van die proses, word die botter en suiker deur twee verskillende masjiene in industriële bakke gegooi. Hierdie mengsel word dan met 'n groot industriële elektriese klitser gemeng totdat die mengsel ligter in kleur en samestelling is. Hierdie proses staan bekend as verroming, wat klein lugblasies in die deeg in werk, wat die koekies lig en donsig maak. Die geroomde mengsel beweeg dan op 'n vervoerband na die volgende stasie.

Op hierdie punt (70% stadium van voltooiing), word die eiers, meel, bakpoeier en geurmiddels meganies by die geroomde mengsel gevoeg. Al die bestanddele is nou saamgevoeg wat 'n taai deeg vorm. Die deeg word geïnspekteer deur produksiearbeiders by die 80% stadium van voltooiingspunt om te verseker dat dit is nie oormeng is nie, aangesien dit die lugborrels verwyder en veroorsaak dat die deeg te dig is. Normale verliese beloop tot 3% van die kilogramme deeg wat gedurende die maand bekendgestel word. Verliese word verkoop aan 'n varkboer vir R3.50 per kilogram. Na inspeksie, beweeg die deeg dan na die derde stasie waar dit meganies in plastieksakkies van 750 gram elk, uitgestorteer en gevries word, voordat dit na groothandelaars vervoer word.

Die volgende inligting som Freddie se werklike produksie en koste vir die maand geëindig 30 Junie 2014 op:

Openingswerk-in-proses
4 000 kilogram (40% voltooi) bestaan uit die volgende koste:

- Botter en suiker	R28 500
- Omskeppingskoste	R37 300

Koekiedeeg bekendgestel gedurende die maand	17 000	kilogram
Koekiedeeg voltooi	18 000	kilogram
Sluitingswerk-in-proses (90% voltooi)	2 000	kilogram

VRAAG 1 (Vervolg)

Werklike koste aangegaan gedurende Junie 2014:

Botter en suiker	R101 000
Meel, eiers, bakpoeier en geurmiddels	R96 000
Ander koste	
- Arbeid	Nota 1
- Elektrisiteit	Nota 2
- Huur van fabriek	Nota 3
- Bemarking en verkoopskommissie	R8 000
- Ander indirekte vervaardigingskoste	R82 800

Note 1: Freddie se arbeidsmag bestaan uit navorsers en produksiearbeiders. Die navorsers is voortdurend besig om alternatiewe geure en kombinasies te ondersoek ten einde Freddie se koekiedeeg te verbeter. Hulle word op 'n voltydse basis in diens geneem en word 'n totaal van R50 000 per maand betaal. Vier produksiearbeiders hou toesig oor die produksieproses. Hierdie arbeiders word almal 'n loon van R12 per uur betaal en hul werk 160 uur per maand gebaseer op die aanname dat slegs 12 000 kilogram deeg of minder tydens 'n maand voltooi sal word. Indien produksie hierdie bedrag oorskry, sal lone met 'n totaal van R2 500 verhoog aangesien oortyd geklok sal word deur hierdie werkers.

Note 2: Elektrisiteit was R35 000 vir die maand van Junie 2014. Van hierdie bedrag, hou 20% verband met elektrisiteit wat in die navorsingsgebou gerbuik word en 10% vir die administratiewe gebou.

Note 3: Huur van die fabriek vir die jaar beloop R120 000.

Bykomende Inligting

- Omskeppingskoste word eweredig deur die hele proses aangegaan.
- Freddie maak gebruik van die eerste-in-eerste-uit (EIEU) voorraadwaardasiemetode.
- Die abnormale verlies eenhede deel nie in die normale verlies toedeling nie.

VERLANG:

(a) Berei die produksiekoste staat van Freddie's voor vir die maand geëindig 30 Junie 2014. **(22)**

Rond asseblief alle syfers na die naaste heelgetal, behalwe vir die koste per ekwivalente eenheid; wat tot die naaste twee desimale plekke afgerond moet word.

(b) Berei die grootboekrekening vir die abnormale verlies van Freddie's vir die maand geëindig 30 Junie 2014 voor. **(3)**

(c) Verduidelik waarom dit meer gepas is om die EIEU-metode eerder as die geweegde gemiddelde metode vir Freddie's te gebruik. Daarbenewens, bespreek hoe die berekeninge sou verskil indien die geweegde gemiddelde metode toegepas was deur Freddie's. **(5)**

VRAAG 2 **(40 PUNTE)**

KwaZulu-Natal is bekend as die tuinprovinsie van Suid-Afrika as gevolg van die welige plantegroei, verskeidenheid van landskappe, subtropiese klimaat en warm water. Die suikerbedryf is afhanklik van produkte wat voorsien word deur boere in hierdie provinsie.

Nkuhlu Bpk is 'n suikerproduksie maatskappy naby Wartburg in KwaZulu-Natal. Die maatskappy het twee suikerriet plase wat 1 000 vierkante meter se suikerrietplantasie op elke plaas het. Nkuhlu Bpk plant suikerriet wat ge-oes word om verskeie produkte te produseer. 'n Enkele suikerriet-oes groei vir twee maande van die jaar.

Die gemiddelde koste daarvan om suikerriet te groei is soos volg: Besproeiingskoste per 500 vierkante meter per maand is R160 000. Arbeiders word lone betaal vir die oes teen R10 vir elke 200 kilogram ge-oes.

20 000 ton suikerriet is op elke plaas ge-oes tydens die huidige oesperiode.

Nadat dit ge-oes word, word die suikerriet na die verwerkingsaanleg vervoer en die koste van vervoer is R15 per ton.

Verwerking vind plaas in die volgende drie fases: Stroping; Fyn-maal en Versapping; en óf Kristallisasie óf Inversie.

Verdere besonderhede oor elke fase:

Stroping

- Die suikerriet word by die aanleg verwerk deur eerstens die blare van die suikerriet te stroop teen 'n koste van R25 per ton suikerriet. 20% van die suikerriet ge-oes bestaan uit blare. Hierdie blare word aan boere teen R0.25 per kilogram verkoop.

Fyn-maal en Versapping

- Die oorblywende (gestroopte) suikerriet word dan fyn-gemaal en gestamp om die sap te onttrek.

- 'n Newe-produk genaamd bagasse vloei voort uit die fyn-maalproses en kom neer op 3 ton vir elke 10 ton suikerriet wat die proses binnegaan. Die bagasse word gebruik vir die opwekking van elektrisiteit in die suikermeule deur dit te verbrand. Hierdie praktyk lei tot 'n besparing van elektrisiteit. Die elektrisiteit wat betaal sou word vir een oes is R1 200 000.

- Die proses behels dat die suikerriet met water gemeng word. 1 ton water word bygevoeg vir elke 2 ton gestroopte suikerriet. Hierdie proses het 'n koste van R200 per ton gestroopte suikerriet.

Kristallisasie of Inversie

- Die sap wat voortvloei uit die fyn-maalproses is onderworpe aan een van twee prosesse, naamlik: die kristallisasieproses of die inversie-proses. Die kristallisasieproses lei tot die vervaardiging van suikerkristalle terwyl die inversieproses lei tot die vervaardiging van goue stroop.

- Die kristallisasieproses: Hierdie proses lei tot droë suikerkristalle na verdamping. Die koste van die kristallisasieproses is R12 000 000 in totaal. Molasse ('n tipe stroop) bly agter nadat al die suiker onttrek is deur die kristallisasieproses. Die kristallisasieproses lei tot 15% molasse, 35% verdampte water en 50% droë suikerkristalle.

- Die inversie-proses: Dit is 'n proses waardeur die sap omskep word in goue stroop. Die koste van die inversie-proses is R8 000 000 per oes.

VRAAG 2 (Vervolg)

Suikerkristalle kan teen R20 per kilogram verkoop word, molasse teen R0.75 per 500 gram en goue stroop teen R12 per 500 gram.

Nkuhlu Bpk gebruik die sap van die fyn-maalproses in 'n verhouding van 70:30 vir die kristallisasieproses en die inversie-proses onderskeidelik.

Nkuhlu Bpk se beleid is om die netto realiseerbare waarde van die neweproduk vanaf die gesamentlike koste af te trek.

VERLANG:

(a) Noem die twee newe-produkte (buiten bagasse) in die proses hierbo beskryf. Verskaf redes. **(4)**

(b) Verduidelik of die suikerrietblare as afvalprodukte beskou word, al dan nie. **(2)**

(c) Bereken die totale gesamentlike koste aangegaan in die produksie van suikerkristalle en goue stroop vir die huidige oestydperk van twee maande. **(9)**

(d) Bereken die produksie (in ton) vir suikerkristalle en vir die goue stroop **(7)**

(e) Bereken die totale netto verkoopswaarde van suikerrietblare en van molasse. **(4)**

(f) Aanvaar dat 13 440 ton suikerkristalle en 11 520 ton goue stroop geproduseer word. Bereken die gesamentlike koste wat aan die suikerkristalle en die goue stroop toegedeel moet word deur middel van die volgende metodes:
- Fisiese maatstaaf metode. **(5)**
- Netto realiseerbare waarde-metode. **(7)**

g) Lys twee nadele van die netto realiseerbare waarde metode van toedeling van gesamentlike koste wat Nkuhlu Bpk in ag moes geneem het, in die bepaling van die metode van toedeling. **(2)**

VRAAG 3 **(40 PUNTE)**

DEEL A **(14 Punte)**

Sibisi Bpk (hierna "die maatskappy") is drie jaar gelede deur 'n groep navorsingswetenskaplikes gevorm om nuwe medisyne wat hulle uitgevind het, te produseer en te verkoop. Die tegnologie wat betrokke is in die medisyne se vervaardiging is beide kompleks en duur. As gevolg hiervan, staar die maatskappy 'n hoë vlak van vaste koste in die gesig.

Dit is van besondere kommer vir Dr Skosana, die maatskappy se uitvoerende hoof. Sy het onlangs 'n konferensie gereël vir alle bestuurspersoneel om die maatskappy se winsgewendheid te bespreek. Dr Skosana het die bestuurders gewys hoe gemiddelde koste per eenheid val soos produksievolume toeneem en het verduidelik dat dit te wyte was aan die maatskappy se groot vaste koste basis. "Dit is duidelik," het sy gesê, "dat soos ons nader aan die aanleg se maksimum kapasiteit van 70 000 pakkies produseer, die gemiddelde koste per pakkie val. Deur so naby as moontlik aan daardie limiet te vervaardig en te verkoop moet goed wees vir die maatskappy se winsgewendheid." Die data wat sy gebruik het, word hieronder weergegee:

Produksievolume (pakkies)	40 000	50 000	60 000	70 000
Gemiddelde koste per eenheid*	R430	R388	R360	R340
Huidige verkoops- en produksievolume	65 000	pakkies		
Verkoopsprys per pakkie	R420			

*Gedefinieer as die totaal van vaste en veranderlike koste, gedeel deur die produksievolume.

U is 'n lid van die Sibisi Bpk bestuursrekeningkundige span en kort ná die konferensie is u na 'n vergadering met Theo Thoola, die maatskappy se direkteur van bemarking, ingeroep. Hy is geïnteresseerd daarin om te weet hoe winsgewendheid verander as produksie verander. Theo Thoola vertel u ook van 'n gesprek wat hy onlangs met Dr Skosana gehad het. Sy het nog 'n maal die noodsaaklikheid daarvan om so na as moontlik aan die maksimum kapasiteit van 70 000 pakkies te produseer, beklemtoon. Theo Thoola beskik oor die moontlikheid om 'n uitvoerbestelling van
5 000 ekstra pakkies te verkry, maar omdat die kompetisie sterk is, sal die verkoopsprys slegs R330 per pakkie wees. Dr Skosana het voorgestel dat hierdie bestelling verwerp moet word, aangesien dit onder kosprys is en die maatskappy se winsgewendheid dus sal verminder.

Hy is geïnteresseerd daarin om te weet hoe winsgewendheid verander as produksie verander en of die verwerping van die 5 000 pakkies uitvoerbestelling korrek is.

VERLANG:

Ten einde Theo Thoola te help, moet u asseblief die volgende bereken:

(a) die bedrag van Sibisi Bpk se vaste koste; **(5)**

(b) die wins van die maatskappy teen die huidige verkoopsvolume van 65 000 pakkies; **(3)**

(c) die gelykbreekpunt in eenhede; **(2)**

(d) die veiligheidmarge uitgedruk as 'n persentasie; **(2)**

(e) die verandering in winste weens die aanvaarding van die bestelling vir 5 000 pakkies teen R330 elk. **(2)**

VRAAG 3 (Vervolg)

DEEL B **(26 PUNTE)**

Sibisi Bpk evalueer tans die winsgewendheid van 'n nuwe diabetes entstof vir tipe 1 en 2 diabetes. Hulle glo dat dit winsgewend sal wees, aangesien onlangse navorsing aangedui het dat 40% van die huidige Suid-Afrikaanse bevolking diabetes sal hê in drie jaar se tyd.

Die twee verskillende entstowwe het die volgende eenheidskoste vir die twaalf maande van 2013 gehad:

	Entstof A (R/eenheid)	**Entstof B (R/eenheid)**
Direkte materiaal	1.40	1.50
Direkte arbeid	1.20	2.30
Veranderlike produksie bokoste	0.70	0.80
Vaste produksie bokoste	1.10	1.10
Ander veranderlike bokoste	0.15	0.20
Vaste nie-vervaardigingsbokoste	0.50	0.50

Produksie en verkope van die twee entstowwe vir die 2013 jaar was:

	Entstof A (000 eenhede)	**Entstof B (000 eenhede)**
Produksie (normale kapasiteitsvlakke)	250	100
Verkope	225	110

Die koste per eenheid van die openingsvoorraad was dieselfde as dié vir die 2013 jaar hierbo gelys.

Dr Skosana het die bestuursrekeningkundige span gevra om te help met antwoorde vir die volgende besprekingspunte.

VERLANG:

(a) Verduidelik of absorpsie- of marginale koste 'n hoër maatskappywins vir die periode sal toon, en bereken die verskil in wins, afhangende van watter metode gebruik word. **(5)**

(b) Bereken die gelykbreekpunt totale verkoopsinkomste vir die periode (tot die naaste R000) gebaseer op die bogenoemde mengsel van verkope. Die pryse van produkte A en B was R5,70 en R6,90 per eenheid, onderskeidelik. **(9)**

(c) Beskryf twee verskille tussen die rekenmeester en die ekonoom se model van die KVW-analise. **(2)**

(d) Noem twee onderliggende aannames van die gelykbreekpuntmodel. Gee 'n voorbeeld van omstandighede waarin die aannames oorskry word. **(4)**

(e) Beskryf en onderskei tussen die drie verskillende benaderings tot die aanbieding van koste-volume-wins verhoudings in grafiese formaat. **(6)**

VRAAG 4

(20 PUNTE)

Hanre Maree het nog altyd daaroor gedroom om haar eie besigheid te begin. Om 'n besigheid te begin, sal egter aanvangskapitaal vereis en Hanre het aangedui dat sy sal verkies om in diens te wees vir die volgende ses jaar ten einde in staat te wees om genoeg fondse te spaar om haar spysenieringsbesigheid te begin.

Haar doel is om R200 000 aan haar beskikbaar te hê na vyf jaar (in 2019), ten einde haar toe te laat om eetgerei en breekware aan te koop, gevolg deur 'n verdere R250 000 na ses jaar van vandag af (in 2020) om kombuistoerusting aan te koop en uiteindelik 'n maandelikse salaris van R25 000 per maand te verdien vir die eerste jaar vandat sy handel begin dryf in 2021.

Algemene inligting:

- Aanvaar dat besparings in 'n beleggingsfonds met 'n verdienste van 15% per jaar, kwartaalliks saamgestel, gedeponeer sal word.
- Hanre sal tot die fonds bydra op 'n maandelikse basis. Sy sal 'n gelyke bedrag deponeer op 'n maandelikse basis oor die volgende 6 jaar.
- Hanre beplan om haar bydraes tot hierdie beleggingsfonds te handhaaf vir die volgende ses jaar.
- Hanre sal slegs haar beleggingsrekening sluit nadat sy haar laaste maandelikse salaris onttrek het tydens haar eerste jaar van die handeldryf.

VERLANG:

(a) Bereken die huidige waarde van die totale fondse wat Hanre sal vereis om haar eie besigheid te begin? **(10)**

(b) Bereken Hanre se vereiste maandelikse bydrae tot hierdie beleggingsfonds, gebaseer op die kapitaal wat nodig word om haar eie besigheid te begin? **(4)**

(c) Hoe verskil 'n perpetuïteit van 'n annuïteit? **(2)**

(d) Verduidelik die verskil tussen nominale en effektiewe rentekoerse. **(3)**

(e) Wat is die huidige prima uitleenkoers in Suid-Afrika? **(1)**

VRAAG 5 **(20 PUNTE)**

Danai Keller is 'n akademiese klerk wat haar eerste jaar van 'n opleidingskontrak voltooi het. Na 'n jaar met geen beduidende uitgawes, het Danai 'n paar rand geakkumuleer. Sy wou begin om te belê in haar toekoms. Sy het verskillende beleggingsgeleenthede verken en het besluit dat 'n belegging in aandele die beste by haar behoeftes sal pas.

Terwyl sy 'n aantal maatskappye om in te belê, ondersoek het, het Danai 'n maatskappy met sterk potensiaal uitgekies wat sy sterk oorweeg om die aandele van te koop. Die maatskappy se naam is Johnson Sunwise Bpk.

Johnson Sunwise Bpk. (hierna 'Johnson') is Afrika **se** grootste sonblokverspreider. Die maatskappy bied 'n verskeidenheid kwaliteit produkte aan die plaaslike en internasionale sonskerm markte. Die maatskappy is reeds in bedryf vir die afgelope 35 jaar en die omset en winste is stadig maar seker aan die toeneem. Uittreksels van die finansiële state is hieronder:

JOHNSON SUNWISE BPK.
UITTREKSEL UIT FINANSIËLE STATE

JAAR	**2014**	**2013**
Staat van Omvattende Inkomste (000's)	**ZAR**	**ZAR**
Omset	2 869 031	2 201 721
Brutowins	1 391 823	1 058 107
Rente & Finansieringskoste	55 911	25 292
Belasting	208 920	172 888
Wins na Rente & Belasting	493 991	355 580
Dividende betaal	101 232	71 887
Wesensverdienste per aandeel (sente)	144.7	103.7
Dividend per aandeel (sente)	48.0	30.0
VPA-Onderste lyn ("Bottom line") (sente)	145.0	99.8
Staat van Finansiële Posisie (000's)	**ZAR**	**ZAR**
Totale Aandeelhouersbelang	1 106 768	1 066 481
Langtermyn Laste	538 308	268 379
Bedryfslaste	1 491 229	774 796
Totale Laste	2 029 537	1 043 175
Vaste bates	1 209 804	531 042
Ontasbare bates	532 781	441 872
Bedryfsbates	1 393 720	1 136 742
Staat van Kontantvloei (000's)	**ZAR**	**ZAR**
Kontant uit bedrywighede	869 699	626 354
Afname/Toename in bedryfskapitaal	(18 005)	(44 224)
Netto rente betaal/ontvang	(55 911)	(25 292)
Belasting betaal	(176 626)	(102 325)
Gewone dividend	(101 232)	(71 887)
Kontant uit beleggingsaktiwiteite	(793 936)	(282 724)
Kontant uit finansieringsaktiwiteite	124 472	54 387
Diverse Staat (000's)		
Aantal Gewone Aandele in Uitreiking @ Jaareind	378 372	377 019
Mark aandeelprys (sente)	4 450	1 510

VRAAG 5 (Vervolg)

Danai is nie bewus van wesenlike gebeure in die ekonomie nie, behalwe dat verslae oor aardverwarming daarop dui dat Suid-Afrikaanse weer warmer word.

Danai het nie enige verdere inligting oor die prestasie van die maatskappy nie. Sy het u, 'n finansiële bestuur kenner, genader om die maatskappy te analiseer en aan haar terugvoer te gee cor of u dink sy in die maatskappy moet belê of nie.

VERLANG:

Adviseer Danai rakende of sy die aandele in die maatskappy moet koop, al dan nie.

U antwoord moet besprekings oor die volgende insluit:

- Hefboomwerking
  - Rente-dekking
  - Skuldverhouding
  - Skuld-tot-Ekwitieit

(8)

- Winsgewendheid
  - OOE
  - OOB
  - NW%

(4)

- Beleggersverhoudings
  - Dividendopbrengs
  - PV-Ratio
  - VPA

(6)

- Gevolgtrekking

(2)

---oOo---